Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 6 DESEMBER 2017 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl

Ander raadslede:
Rdl M A Rangasamy

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdl R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

3.1 IMPLEMENTERING VAN SONWATERVERWARMINGSPROJEK: DEPARTEMENT VAN ENERGIESAKE

KENNIS GENEEM dat die Departement van Energiesake aangedui het dat die vergadering nie bygewoon kan word nie.

3.2 MEDEDELING DEUR DIE VOORSITTER: ERNS VAN DIE WATER SKAARSTE

Die voorsitter meld, met verwysing na reënvalstatistieke vanaf die Kaapstad Internasionale Lughawe, dat 2017 die laagste reënvalsyfer in 122 jaar aantoon. Bowendien, was die reënvalsyfer oor die afgelope drie jaar ook baie laag, wat bydraend is tot die droogte wat tans ervaar word.

Die voorsitter gaan voort om die stand van damvlakke in die Weskaap deur te gee, sowel as die hoeveelheid water wat daagliks uit die Voëlvleidam onttrek word. Verder word die verdamping gedurende die somermaande beraam op 80 megaliter/dag.

3.2/...

Indien die verbruik uit die Voëlvleidam op hierdie trant voortgaan, word Dag Zero vir die Swartland munisipale area beraam op 31 Maart 2018.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste spreek sy kommer uit dat die landbou nog steeds voorrang geniet wanneer water uit die Voëlvleidam vrygelaat word, bo menslike en besigheidsverbruik. Daar sal dringend met die Departement van Waterwese in hierdie verband in gesprek getree moet word.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste bevestig dat daar op gereelde basis met Stad Kaapstad gekommunikeer word om verdere toegang tot water na die Swartland inlaatwerke wanneer die 12% watervlak vir lg. bereik word.

Die voorsitter bedank die bestuurspan vir die bewusmakingsveldtogte wat geloods is deur die opsit van plakkate, pamflette, baniere, e.d.m. om die publiek gedurig te herinner aan die knellende droogte en water skaarste wat ervaar word.

VIR KENNISNAME

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 15 NOVEMBER 2017

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 15 November 2017 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

6. MAANDVERSLAG T.O.V. OKTOBER 2017

6.1 MUNISIPALE BESTUURDER (7/1/2/2-7)

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Kantoor van die Munisipale Bestuurder vir die tydperk Oktober 2017.

6.2 FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-3)

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste vir die tydperk Oktober 2017.

6.3 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste vir die tydperk Oktober 2017.

6.4 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir die tydperk Oktober 2017.

6.5 KORPORATIEWE DIENSTE (7/1/2/2-1)

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Korporatiewe Dienste vir die tydperk Oktober 2017.

6.6 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)
6.6.1 PRESTASIEMETINGSVERSLAG
6.6.2 VERKEER- EN WETSTOEPASSINGSDIENSTE
6.6.3 BRANDWEERDIENSTE

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Beskermingsdienste vir die tydperk Oktober 2017.

7. NUWE SAKE

7.1 AANSTELLING VAN LEDE VAN DIE DISSIPLINÊRE RAAD (5/15/1/5)

Die Munisipaliteit is verplig om ingevolge die *Financial Misconduct Regulations* (FMR) 'n Dissiplinêre Raad as 'n onafhanklike adviesliggaam in stand te hou ten einde bewerings na finansiële wangedrag te ondersoek vir aanbevelings insake verdere dissiplinêre optrede.

Die Raad bestaan uit vyf lede wat op 'n roterende basis vir 'n termyn van drie jaar aangestel word, en mag nie vir meer as twee termyne op die Raad dien nie.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word dat die ampstermyn van lede van die Dissiplinêre Raad op 31 Julie 2017 verstryk het, en dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gevolglik kondonering verleen vir die laat aanstelling van lede;

(b) Dat, ingevolge klousule 4(3) van die *Financial Misconduct Regulations* (FMR) die ampstermyn van lede van die Dissiplinêre Raad nie 'n tydperk van drie jaar mag oorskry nie;

(c) Dat, in ag genome die inhoud van die verslag, die Uitvoerende Burgemeester die volgende aanstellings bekragtig ten einde kontinuïteit van die lede van die Dissiplinêre Raad verseker, naamlik:

(i) Die aanstelling van mnr A M Theron as voorsitter van die Dissiplinê Raad vanaf 1 Augustus 2017 tot 31 Julie 2020;

(ii) Die verlenging van die ampstermyn van me M S Terblanche, die Direkteur: Korporatiewe Dienste, tot 30 November 2019;

(iii) Die verlenging van die ampstermyn van mnr P le Roux, die Bestuurder Interne Oudit, tot 31 Desember 2018;

(iv) Die verlenging van die ampstermyn van me S de Jongh, die Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste, tot 31 Julie 2020;

(d) Dat voormelde lede 'n uitnemende diens gelewer het gedurende die vorige ampstermyn in die ontstaan van die Dissiplinêre Raad en is dit noodsaaklik dat vaardighede en kennis na nuwe lede oorgedra word;

(e) Dat die vergoeding betaalbaar aan die eksterne lid van die Dissiplinêre Raad gelyk sal wees aan die vergoeding as lid van die Ouditkomitee.

7.2 HANDVES VAN DIE MUNISIPALE PRESTASIE- EN RISIKO OUDITKOMITEE (5/15/1/3)

Die Munisipale Bestuurder meld dat die voorlegging van die Handves dien as die jaarlikse hersiening van die pligte en verantwoordelikhede van die lede van die Munisipale Prestasie- en Risiko Ouditkomitee.

Die Handves is op ’n vergadering van die Ouditkomitee gehou op 28 November 2017 bespreek en dienooreenkomstig deur lede aanvaar.

BESLUIT

Dat die Handves van die Munisipale Prestasie- en Risiko Ouditkomitee goedgekeur word en deur die lede van die Ouditkomitee aanvaar word as mandaat vir die uitvoering van hul verantwoordelikhede.

7.3 NOTULE VAN DIE MUNISIPALE PRESTASIE- EN RISIKO OUDITKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 23 AUGUSTUS 2017, ASOOK DIE JAARVERSLAG VAN DIE KOMITEE GEËINDIG 30 JUNIE 2017 (5/15/1/3)

Die Ouditkomitee dien as ‘n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en vervul sy funksie ingevolge die bepalings van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003.

In terme van bogenoemde mandaat maak die komitee hoofsaaklik aanbevelings aan die Raad vir oorweging en besluitneming – daar is egter geen aanbevelings vir oorweging in die notule gedateer 23 Augustus 2017 soos met die sakelys gesirkuleer nie.

Die jaarlikse verslag aangaande die aktiwiteite van die Ouditkomitee vir die tydperk 1 Julie 2016 tot 30 Junie 2017 is ook met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die notule van die Munisipale Prestasie- en Risiko Ouditkomitee se vergadering van 23 Augustus 2017 asook die jaarverslag van die Ouditkomitee vir die tydperk geëindig 30 Junie 2017.

7.4 KOMMUNIKASIESTRATEGIE VIR 2017-2022 (6/2/2/B)

Die Kommunikasiestrategie is in 2014 goedgekeur waaruit reeds verskeie aksies voortgespruit het, onder andere, die ontwikkeling van prestasie-indikatore, kommunikasie-aksieplanne, beleide insake kommunikasie, en dies meer.

Die belyning van die Kommunikasiestrategie met die 2017-2022 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) is nodig in die gesamentlike bereiking van die strategiese uitkomste wat in die GOP vervat is, vandaar die hersiening van die strategie.

BESLUIT

(a) Dat die Kommunikasiestrategie vir 2017-2022 goedgekeur word;

(b) Dat aangesien die Beleide met betrekking tot Kommunikasie, Publieke Deelname en Sosiale Media voortspruit uit bogemelde Kommunikasiestrategie, die hersiening van gemelde drie beleide teen Junie 2018 gefinaliseer sal word.

7.5 TYDELIKE SLUITING VAN WESBANK BIBLIOTEEK VIR ONDERHOUD (17/8/B)

Daar is op tender uitgegaan vir onderhoudswerk aan die Wesbank Biblioteek. Die omvang van die tender is van so ’n aard dat, onder andere, die boeke na die biblioteeksaal verskuif sal moet word om die boekrakke af te skuur en te vernis.

7.5/...

Die Provinsiale Biblioteekdiens het reeds goedkeuring verleen vir die tydelike sluiting van die Wesbank Biblioteek vir onderhoudswerk vanaf 10 tot 29 Januarie 2018.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die voorgenome onderhoudswerk aan Wesbank biblioteek;

(b) Dat die biblioteek tydelik gesluit word vanaf 10 tot 29 Januarie 2018 vir onderhoudswerk;

(c) Dat die biblioteek 'n kennisgewing vroegtydig sal aanbring in die biblioteek en lede verwittig word dat hul ander biblioteke kan besoek;

(d) Dat die wyksraadslede en wykskomiteelede van wyke 8, 9, 10 en 11 in kennis gestel sal word van die voorgenome tydelike sluiting.

7.6 AANBOD OM ERF 10382, MALMESBURY TERUG TE KOOP (12/2/5/4-8/16)

Erf 10382 is in Maart 2007 tydens 'n sg. 'pre launch' veiling van die 65 woonerwe in Dalsig, aan J M & K M Liedeman verkoop.

Daar bestaan 'n voorkoopsreg op die erf, soos verduidelik in die verslag, en het die eienaar toestemming vanaf die Munisipaliteit deur middel van prokureurs Terblanche Slabber en Pieters versoek om oordrag van die erf aan 'n privaat koper te bewerkstellig.

BESLUIT

(a) Dat die Munisipaliteit, soos ten opsigte van vorige aansoeke, afstand doen van sy voorkoopsreg met betrekking tot erf 10382, Malmesbury, aangesien die eienaar reeds 'n gewillige koper het daarvoor, en 'n sterk moontlikheid bestaan dat die erf (met verwysing na die pryse wat tydens die openbare veiling in 2015 behaal is asook die munisipale waardasie op die betrokke eiendom) nie teen die oorspronklike koopprys van R131 000,00 deur die Munisipaliteit herverkoop sal kan word nie;

(b) Dat J M & K M Liedeman gevolglik toestemming verleen word om erf 10382, Malmesbury privaat te mag vervreem.

7.7 HUUROOREENKOMS: ALTECH NETSTAR (PTY) LTD (15/4/6)

Die Raad verhuur spasie op die munisipale mas op die Klipkoppie te Malmesbury aan Altech Netstar (Pty) Ltd vir doeleindens van 'n voertuigopsporingstelsel.

Die firma het versoek om die huurooreenkoms wat op 30 November 2017 verstryk het, te verleng met 'n verdere termyn van drie jaar.

BESLUIT

(a) Dat spasie op die munisipale mas te Klipkoppie, Malmesbury vir 'n verdere termyn van 3 jaar aan *Altech Netstar (Pty) Ltd* verhuur word vir die lewering van 'n voertuig opsporingsdiens met ingang van 1 Desember 2017;

(b) Dat die huurgeld jaarliks met 10% eskaleer in terme van die bestaande huurkontrak;

(c) Dat die huidige huurvoorwaardes van krag sal bly.

7.8/...

7.8 HUUR VAN SPORTGERIEWE TE MALMESBURY (17/9/2/R)

Die Raad verhuur spasies by die Wesbank Gemeenskapsaal en op die perseel van die Ilinge Lethu Thusong Sentrum aan verskeie sportorganisasies.

Die huurtermyne het op 30 November 2017 verstryk.

BESLUIT

(a) Dat 'n nuwe huurooreenkoms met die Omega Pigeon Racing Club aangegaan word vir die huur van spasie (groot ±50m²) te Wesbank gemeenskapsaal, Malmesbury, m.i.v 1 Desember 2017;

(b) Dat 'n nuwe huurooreenkoms met Malmesbury Weightlifting Club aangegaan word vir die huur van spasie (groot ±63m²) te Wesbank Gemeenskapsaal, Malmesbury, m.i.v 1 Desember 2017;

(c) Dat 'n nuwe huurooreenkoms met Fitness Planet Gym aangegaan word vir die huur van die Container Gym (groot ±66m²) geleë op die perseel van die meerdoelige sentrum te Ilinge Lethu, Malmesbury, m.i.v 1 Desember 2017;

(d) Dat die huurtermyn nie 'n periode van twaalf (12) maande oorskrei nie wat jaarliks hernu kan word;

(e) Dat huurgeld van R100,00 per jaar, plus BTW, in al drie gevalle gehef word.

7.9 VERHUUR VAN RAADSEIENDOM TE MOORREESBURG (12/1/3/1-9/1)

Die buitegebou op erf 3432, Moorreesburg word sedert 1 Desember 2014 aan me C Alberts vir stoordoeleindes verhuur.

Die huurtermyn het op 30 November 2017 verstryk, en is me Alberts begerig om die raadseiendom vir 'n verdere termyn te huur.

BESLUIT

(a) Dat die voormelde huurperseel vir 'n verdere termyn van 12 maande met ingang van 1 Desember 2017 aan me C Alberts verhuur word vir doeleindes van 'n stoorkamer;

(b) Dat die huurgeld na R260,00 plus 14% BTW per maand verhoog word;

(c) Dat die bestaande huurvoorwaardes dieselfde bly.

7.10 VERHUUR VAN MUNISIPALE EIENDOM OP RIEBEEK KASTEEL (12/2/3/1-11/1)

Die Riebeek Cellars huur 'n klein buitegebou geleë op gedeelte van erf 147, Riebeek Kasteel vanaf die Raad vir die doeleindes van die stoor en koelhou van hul wyne.

Die huurtermyn het op 30 November 2017 verstryk en het Riebeek Cellars aangedui dat die buitegebou steeds benodig word vir voormelde doeleindes.

BESLUIT

(a) Dat die buitegebou geleë op 'n gedeelte van erf 147, Riebeek Kasteel uit-die-hand-uit vir 'n verdere termyn van 12 maande aan Riebeek Cellars verhuur word vir doeleindes van stoor van wyn,met ingang vanaf 1 Desember 2017;

(b) Dat die huurgeld verhoog word met 10% na R215.38, plus 14% BTW per maand;

(c) Dat die huurvoorwaardes onveranderd bly.

7.11 VOORGESTELDE STRAATNAME VIR TOEGANGSPAAIE IN DIE *MILE 16* PRIVAAT ONTWIKKELING TE YZERFONTEIN (16/5/6) (WYK 5)

'n Aansoek is vanaf die eienaar van die Mile 16 privaatontiwkkeling te Yzerfontein ontvang vir die benoeming van die ingangspaaie na sy seun en dogter, naamlik:

(1) Troy Victorlaan; en
(2) Teaganweg.

BESLUIT

Dat die item terugverwys word ten einde die ontwikkelaar te verwys na die riglyne insake die toekenning van straatname en dat strate, onder andere, nie vernoem mag word na persone wat nog leef nie.

7.12 BOUPLAN GOEDKEURING VIR WINKELSENTRUM OP ERF 2789, YZERFONTEIN (5/3/1) (WYK 5)

Die Munisipale Bestuurder behandel die verslag en meld dat die item aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê word in 'n poging om die ontwikkelaar by te staan om met bouwerk van die winkelsentrum vroeg in 2018 'n aanvang te kan neem.

As agtergrond verduidelik die Munisipale Bestuurder dat die bouwerk op erf 2789, Yzerfontein 'n grootte van ±2520 m² beloop wat 'n vereiste van 101 parkeerplekke daarstel. 'n Totaal van 17 parkeerplekke kan nie op vermelde erf voorsien word nie. Die Munisipaliteit is gevolglik genader om 'n gedeelte van munisipale eiendom, erf 2716 (±1147 m²), vir hierdie doeleindes te bekom.

Verder word genoem dat erf 2716, Yzerfontein benodig word vir die opgradering van die kruising by Hoof- en Buitekantstraat, maar is daar surplus grond beskikbaar om aan die ontwikkelaar vir parkeerdoeleindes te vervreem.

BESLUIT

(a) Dat goedkeuring verleen word dat die bouplan op Erf 2789, Yzerfontein goedgekeur word, wetende dat daar 17 op-perseel parkeerplekke sal kortkom tydens die bouplangoedkeuring en wat aangespreek sal word met die toekomstige vervreemding en grondgebruiksprosesse;

(b) Dat die eienaar 'n skriftelike onvoorwaardelike en onherroeplike onderneming gee waarin bevestig word dat aan alle aspekte wat verband hou met die vervreemding en grondgebruiksprosesse, voldoen sal word;

(c) Dat die beginselbesluit rakende die vervreemding in Januarie 2018 aan die Raad vir besluitneming voorgelê sal word.

7.13 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 30 November 2017 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.14 RAADSLIDVERGOEDING, 2017/2018: KONSEP KENNISGEWING (5/10/1)

Die Munisipale Bestuurder noem dat daar geleentheid aan alle raadslede gegee is tot Dinsdag, 5 Desember 2017 om skriftelik kommentaar te lewer op die konsep kennisgewing insake raadslidvergoeding vir die 2017/2018 wat vanaf COGTA ontvang is.

7.14/...

BESLUIT

Dat kennis geneem word dat daar nie enige kommentaar vanaf raadslede ontvang is nie, en dat die aanvaarding van die konsep kennisgewing insake raadslidvergoeding ten opsigte van die 2017/2018 finansiële jaar as sulks aan COGTA oorgedra word.

7.15 VERLENGING VAN VERKLARING VAN 'N PLAASLIKE RAMP BINNE DIE GRENSE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT AS GEVOLG VAN DIE DROOGTE (17/5/1/1)

Die Uitvoerende Burgemeester het op 28 Junie 2017 die Swartland munisipale area tot 'n rampgebied verklaar weens die erns van die aanhoudende droogte en die water skaarste wat ondervind word.

Die aanvanklike verklaring is geldig vir 'n periode van drie maande, waarna dit op 'n maand-tot-maand basis verleng moet word.

Die situasie het intussen nog nie verander nie, en is 'n verlenging van die verklaring nodig om nasionale en provinsiale ondersteuning te verkry in oplossings om volgehoue watervoorsiening te verseker.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeester ingevolge artikel 55(5)(c) van die Wet op Rampbestuur, Wet 57 van 2002, die verklaring van die Swartland munisipale gebied tot 'n plaaslike ramp weens die aanhoudende droogte met gepaard-gaande water skaarste verleng vanaf 8 Januarie tot 7 Februarie 2018;

(b) Dat 'n versoek aan die Weskus Distriksmunisipaliteit gerig word om die verlenging van die verklaring tot 'n plaaslike ramp te ondersteun;

(c) Dat die goedkeuring van die verlenging van die verklaring aan Provinsie gestuur word vir publikasie in die eersvolgende Provinsiale Koerant.

7.16 VERLENGING VAN VERKLARING VAN 'N PLAASLIKE RAMP BINNE DIE GRENSE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT: SWARTLAND HOSPITAAL (17/5/1/1)

Die verklaring van die Swartland Hospitaal tot 'n plaaslike ramp is na oorlegpleging met die betrokke Provinsiale Departemente en die Weskus Distriksmunisipaliteit in die Provinsiale Koerant, No 7785 van 23 Junie 2017 afgekondig.

Die verklaring is aanvanklik vir 'n periode van drie maande van krag, waarna dit op 'n maand-tot-maand basis verleng moet word.

Die Direkteur: Beskermingsdienste het vanaf die betrokke departement verneem of die verklaring verder verleng moet word, en is bevestig dat dit vir 'n verdere periode van twee maande (tot einde Februarie) verleng moet word om geleentheid te gee om nasionale fondse te bekom vir die herstelwerk aan die hospitaal.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeester ingevolge artikel 55(5)(c) van die Wet op Rampbestuur, Wet 57 van 2002, die verklaring van die Swartland Hospitaal as gevolg van die verwoestende brand tot 'n plaaslike ramp verleng vanaf 24 Desember 2017 tot 23 Januarie 2018;

(b) Dat 'n versoek aan die Weskus Distriksmunisipaliteit gerig word om die verlenging van die verklaring tot 'n plaaslike ramp te ondersteun;

(c) Dat die goedkeuring van die verlenging van die verklaring aan Provinsie gestuur word vir publikasie in die eersvolgende Provinsiale Koerant.

7.17 AANKOOP VAN WATERTENKVRAGMOTOR VIR WATER SKAARSTE WEENS DROOGTE: ONVOORSIENE EN ONVERMYDELIKE BESTEDING (8/2/2/2)

Die Munisipaliteit is tans in Fase 1 om die impak van die droogte deur middel van vlak 5-waterbeperkings, verlaging en waterdruk en grondwater benutting te bestuur.

Fase 2 behels, onder andere, die rantsoenering van water wat kan behels dat die toevoer van water na voorafbepaalde gebiede vir uitgebreide tydperke afgesny word. Die doel hiermee is om die oorblywende watervoorraad te bewaar totdat daar 'n beduidende styging in die damvlakke is.

Gedurende Fase 2 sal water in opgaartenke by voorafbepaalde punte beskikbaar wees vir inwoners om af te haal. Die opgaartenke sal op 'n daaglikse basis deur watertenkwaens opgevul word.

Die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 bepaal dat die burgemeester van 'n munisipaliteit tydens nood- of ander buitengewone omstandighede onvoorsiene en onvermydelike besteding kan magtig waarvoor daar nie in 'n goedgekeurde begroting voorsiening gemaak was nie. Die uitgawe moet aan die Raad op die eersvolgende vergadering gerapporteer word en binne 60 dae by wyse van 'n Aansuiweringsbegroting geboekstaaf word.

Die Munisipale Bestuurder meld dat die Ouditeur-Generaal munisipaliteite vermaan het om in hierdie krisis situasie, nog steeds aan alle wetlike vereistes te voldoen met verwysing na allokering van fondse en verkryging van dienste. Hierdie aspek sal spesifiek aandag geniet met die volgende oudit.

Die voorsitter bedank die bestuurspan vir die weeklikse vergadering wat op 'n Vrydag plaasvind om vroegtydig beplanning te doen om gebeurlikheidsplanne in plek te hê om volgehoue dienslewering tydens die droogte te verseker.

BESLUIT

(a) Dat daar kennis geneem word van die fase-benadering tot die implementering van gebeurlikheidsplanne om die Munisipaliteit in staat te stel om die impak van die droogte te bestuur;

(b) Dat daarop gelet word dat Fase 1 reeds geïmplementeer is deur die instelling van die vlak 5-waterbeperkings, kommunikasiestrategie t.o.v. bewusmakings-veldtogte en tegniese ingrypings soos druk- en vloeibeheer en grondwater benutting;

(c) Dat verder daarop gelet word dat Fase 2, onder andere, behels dat watertoevoer na voorafbepaalde gebiede vir uitgebreide tydperke afgesny sal word waartydens water deur inwoners op bepaalde punte afgehaal sal moet word;

(d) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeuring verleen dat 'n bykomende watertenkvragmotor aangekoop word wat noodsaaklik is vir die suksesvolle implementering van Fase 2 van die droogte noodplan;

(e) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee dus goedkeuring verleen dat Tender T18/17/18: Voorsiening en aflewering van 'n watertenkvragmotor, toegeken word alvorens die uitgawe in die 2017/2018 Aansuiweringsbegroting opgeneem word, omrede die dringenheid van die aankope om die noodsituasie te bestuur.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER